

12 Januarie - AMEN

Skrifgedeelte: Openbaring 3:14–22 (NAV)

Fokusgedeelte: Openbaring 3: 14

Die lidmate van die gemeente in Laodisea was 'n klomp verwaande, selftevrede, lou lidmate wat deur geen sondebeseft gepla is nie. Daarom kon hulle spog: "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie" (vs 17). Dit is dan ook die rede waarom die Here Jesus by die deur staan en klop (vs 20). En omdat Hy weet dat die lidmate gaan teëpraat, kondig Hy Hom aan as "die Amen, die geloofwaardige en ware getuie. Hy deur wie God alles geskep het" (vs14).

Ja! Die Here Jesus is die persoonlike Amen. In Hom het God al sy Woorde waar gemaak. Hy is die Woord van God (Joh 1:1). Hy het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring deur in ons plek 'n vervloekte te word (Gal 3:13). Die Here Jesus is die "ja" van God, die "ja" op al die beloftes van God (2 Kor 1:20).

Daarom word die lidmate opgeroep om by Jesus as dié Amen goud te koop. Nie die goud waarvoor Laodisea bekend was nie, maar die goud van geloof, hoop en liefde! Asook om klere te koop, nie wol- en linneklere waarvoor Laodisea bekend was nie, maar die wit klere van die soenverdienste van die Here Jesus, om hulle naaktheid voor God te bedek. Vir hulle oë, wat net geld en wêreldse genot raaksien, moet hulle die oogsalf van die Heilige Gees koop, wat hulle in staat sal stel om nie net hulle eie ellende raak te sien nie, maar ook die genade van 'n barmhartige God!

Op die vraag: Wat beteken die woord "Amen"? antwoord die Kategismus: *Amen wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer* (Vraag 129).

Mag ons Amen altyd tot eer van die Drie-enige God wees!

Sing: Psalm 73:10 (2001)

Dr CJ Malan (Emeritus)